## 4 JunieHandelinge 1:6-8; 3:11-16; 4:8-12, 33a (OAV) (4:33

### *Die eerste kenmerk van 'n "groot" kerk: kragtige getuienis*

Wat maak 'n kerk "groot"? Sy geboue, sy programme, sy dominee? Volgens die Bybel is dit sy prioriteite - prakties, nie teoreties nie. 'n Paar aspekte van die Jerusalemse kerk se bestaan en praktyk word met die woordjie "groot" beskryf (soms kom dit nie mooi in vertalings uit nie). Die eerste hiervan is dat hierdie kerk die plek was waar met groot krag getuienis gegee is van die opstanding van die Here Jesus. Ook nie snaaks nie; dit was die eerste opdrag van die Here Jesus aan sy kerk, die eerste saak waarvoor die Heilige Gees die kerk sou bemagtig (1:8). Die kerk het tot stand gekom deur die kragtige getuienis oor die dood en opstanding van die Here Jesus (Hand 2). Die opgestane Here Jesus was tussen hulle kragtig aan die werk (Hand 3:16). Geen ander dringende werk is toegelaat om die dominees weg te trek van hul getuienistaak nie (6:2). Hierdie getuienis was só kragtig omdat dit getuienis was, dit wil sê daar is vertel wat beleef, ervaar was - geen lesings of teorie of hoorsê nie. Vir die apostels en die gemeente was dit werklik. Sulke getuienis kom deur die werk van die Heilige Gees: Hy oortuig van sonde, geregtigheid, oordeel (Joh. 16:8), maar ook dat Jesus die Here is (1 Kor. 12:3) en dat gelowiges deel is van sy liggaam (1 Kor. 12:12,13). Is jou kerk "groot" in kragtige getuienis oor die opgestane Here Jesus? Indien nie, is dit dalk omdat jy en jou kerk ander prioriteite het as die Koning van die kerk? Dan kan jy en jou kerk nooit "groot" wees nie. Tensy julle julle bekeer.

Sing: Psalm 66:7,8

Ds. D.C. Coetsee (Noordrand)